# Werk met woorde

## Samestellings, basisse, voorvoegsels en agtervoegsels


Die **basisvorm** is die kleinste, betekenisdraende deel van ’n woord, bv. **lag**.

’n **Voorvoegsel** is ’n letter of letters wat vooraan ’n woord gevoeg word om die betekenis daarvan te verander, bv. **ge**lag.

’n **Agtervoegsel** is ’n letter of letters wat agteraan ’n woord gevoeg word om die betekenis daarvan te verander, bv. lagg**end**.

As ons twee of meer woorde saamvoeg om ’n nuwe woord of begrip te vorm, noem ons die nuwe woord ’n **samestelling**, bv. lag + geluid = **laggeluid**.

1. Kyk na die prent van ’n fiets. Kyk mooi na die byskrifte en skryf neer wat gevra word.




a) samestelling sonder verbindingsklank: ______________________

b) basisvorm: ______________________

c) samestelling + agtervoegsel: ______________________

d) basisvorm + agtervoegsel: ______________________

e) samestelling met verbindingsklank + agtervoegsel:
______________________

f) samestelling + agtervoegsel: ______________________

g) samestelling sonder verbindingsklank: ______________________

h) basisvorm + agtervoegsel: ______________________

i) basisvorm + agtervoegsel: ______________________

**Wenke**

Voor- en agtervoegsels het sekere funksies:
- Vorm meervoude: fiets**e**
- Vorm verkleinwoorde: fiets**ie**
- Vorm verlede tyd: **ge**ry
- Vorm trappe van vergelyking: vinnig, vinnig**er**, vinnig**ste**

Voor- en agtervoegsels het soms hul eie betekenis:
- ver = om ’n situasie te verander: **ver**snel
- her = om iets weer te doen: **her**bou
- loos = sonder iets: band**loos**


© Oxford University Press Southern Africa

2. Kies die korrekte woorde uit die lys om nuwe woorde met voorvoegsels tevorm.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sê | sier | orde | vyand | handel |
| win | mens | rook | smeer | moontlik |

| Voorvoegsel | Betekenis | Nuwe woord |
|---|---|---|
| aarts- | baie groot | aartsvyand |
| anti- | teen | a) |
| be- | laat gebeur | b) |
| her- | weer | c) |
| mis- | verkeerd | d) |
| oer- | baie oud | e) |
| on- | nie | f) |
| ont- | wegneem | g) |
| her- | laat gebeur | h) |
| wan- | slegte | i) |

3. Kies die korrekte woorde uit die lys om nuwe woorde met agtervoegsels tevorm.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| aap | werk | fout | bedel | moelik |
| lui | leer | been | kelner | assosieer |

**Ken die woorde**

vyand – *enemy*
rook – *smoke*
moontlik – *possible*
bedel – *beg*
moeilik – *difficult*
aap – *monkey*
kelner – *waiter*
fout – *mistake*
lui – *lazy*

| Agtervoegsel | Betekenis | Nuwe woord |
|---|---|---|
| -aar | 'n persoon | bedelaar |
| -aard | soort mens | a) |
| -agtig | soos | b) |
| -in | vrou | c) |
| -asie | toestand | d) |
| -(d)er | persoon | e) |
| -erig | manier | f) |
| -ery | doen iets | g) |
| -loos | sonder | h) |
| -heid | eienskap | i) |

© Oxford University Press Southern Africa